



# GEBEDSKALENDER

## OKTOBER 2020

### 1 | ARABIESE SKIEREILAND

Talle Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond leef in geheimhouding en isolasie. Vra God om hierdie geïsoleerde gelowiges met mekaar in aanraking te bring vir samesyn sodat hulle in hul geloof kan groei. Bid dat hulle families ook vir Jesus Christus sal leer ken.

### 2 | KATAR

Ons hoor selde van plaaslike mense wat tot bekering kom, maar daar is 'n Christelike gemeenskap in dié land. Bid dat, terwyl God in Katar werk, Sy mense in kontak sal kom met diegene wat graag die Evangelie wil hoor.

### 3 | MOSAMBIEK

Mosambiekse jihadiste loods voortdurende aanvalle in die noorde van die land. Bid dat die regering wysheid sal hê in die hantering van hierdie situasie. Bid vir beskerming en voorsiening in die Kerk se behoeftes sodat dit 'n baken van hoop kan wees vir gemeenskappe wat aangeval word.

### 4 | ETHIOPIË

Marta is as tiener gedwing om met 'n toordokter te trou en het ernstige ontberings deurgemaak. Ons het jou 'n tyd gelede gevra om bemoedigende briewe aan haar te skryf. Bid dat God sal aanhou om haar trauma te genees en dat sy kan terugkeer skool toe om haar onderrig voort te sit.

### 5 | NEPAL

Bid vir die noodleniging wat Geopende Deure se plaaslike vennote regoor Nepal voorsien, en dat dit diegene sal bereik wat nie vir hul families kan sorg nie. Bid vir die beskerming van ons plaaslike vennote en dat hulle dié sal bereik

**“Die Here sal voor jou uitgaan.  
Hy sal by jou wees. Hy sal jou  
nie in die steek laat nie, jou nie  
alleen laat nie. Moenie bang  
wees nie, moenie skrik nie.”**

Deuteronomium 31:8

## NEPAL vervolg

wat die ergste nood ervaar.

**6 | BHOETAN** Bid dat Geopende Deure se plaaslike vennote alternatiewe maniere sal vind om hul werk te doen. Bid dat hulle kreatiwiteit, energie en wysheid sal hê. Bid ook vir geestelike ontwaking en dat gelowiges in Bhoetan tydens die pandemie in hul geloof sal groei.

**7 | MALEDIVE** Gelowiges in die Maledive bestaan hoofsaaklik uit buitelanders van Indië, Sri Lanka en die Filippyne. Baie het hul werk verloor weens die pandemie en moes noodgedwonge na hul eie lande terugkeer. Bid dat God hulle in hierdie oorgang sal help en in hul behoeftes sal voorsien.

**8 | SIRIË** Najwa (in haar 50's) het voorheen by haar suster gebly. Toe haar suster uitvind dat sy 'n Christen geword het, het sy Najwa uit haar huis geskop en geweier om haar 'n deel van die familie-erflating te gee. Bid vir voorsiening vir Najwa.

**9 | ISRAEL EN PALESTINA** Bid vir kerkeleiers wat na behoeftige mense omsien. Bid vir volgehoue wysheid vir hulle terwyl hulle na hul kuddes omsien en vir hul geestelike welstand, gemoedsrus en vrede.

**10 | INDIË** Tina\*, 'n Christenverpleegster, ervaar daaglikse verbale mishandeling deur die ander hospitaalpersoneel weens haar geloof. 'n Manlike personeelid het haar vroeër vanjaar probeer verkrag terwyl sy aan diens was. Bid vir haar beskerming en vir krag te midde van hierdie uitdagings.

**11 | LAOS** 'n Infrastruktuur-projek, bekend as die nuwe Syroete, is daarop gemik om ekonomiese groei en ontwikkeling in Asië en elders te bevorder. Talle mense is bekommerd dat dit China se kommunistiese politieke invloed in Laos sal laat toeneem. Bid dat God sal ingryp

## LAOS vervolg

en dat dit nie 'n impak op die Christenminderheid sal hê nie.

**12 | NIGERIË** Die Christene van Naka in Nigerië is 'n vreedsame gemeenskap. Hulle kom toenemend in direkte konflik met die nomadiese Fulani-veewagters en baie is uit hul gebied verdring. Bid dat God Sy kinders te midde van die voortslepende geweld sal beskerm.



**13 | ALGERIË** Kerke is 'n jaar gelede deur die regering gesluit. Bid dat die kerke sal heropen. Bid dat die huidige situasie sal eindig en die owerhede nie teen Christene sal diskrimineer nie, maar hulle regverdig sal behandel.

**14 | VIËTNAM** Die regering en verskeie liefdadigheidsorganisasies verskaf hulp aan sukkelende families gedurende die inperking. Sommige Christenfamilies het egter die volgende gehoor van die owerhede: "Julle God kan na jul familie omsien! Die regering is nie vir julle families verantwoordelik nie!" Bid vir voorsiening en krag vir hierdie gelowiges.

**15 | LIBANON** In Mens kan die Woord van God nog vrylik in Libanon deel en God is nog nie verwerp nie, maar die land ervaar 'n groot ekonomiese stryd en onstabiliteit. Bid dat God sal ingryp, aangesien Libanon 'n toevlug is vir baie mense wat uit hul eie lande vlug.

**16 | EGIPTIE** Talle Egiptiese Christene moes na aanlynprogramme oorskakel weens die pandemie. Bid dat pastore en kerkleiers wysheid sal ontvang terwyl hulle hul gemeentes in hierdie ongekende tyd van onsekerheid lei.

**17 | SOEDAN** Aman\* het veiligheid gevind by Christene vanuit 'n Moslem-agtergrond toe hy van sy huis moes wegvlug omdat hy 'n Christen geword het. Toe die polisie dit uitvind, het hulle die huis geplunder en Aman en sommige ander Christene opgesluit. Bid vir die Here se beskerming oor gemeenskappe met Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond.

**18 | MIANMAR** 'n Gemeenskap naby die grens tussen Mianmar en Indië se boere, jagters en houtkappers verkoop hul produkte aan naburige gemeenskappe in Indië. Die inperking in Indië het dit ongelukkig bemoeilik. Bid vir God se voorsiening aan gelowiges wat in dorpie naby die grens bly.

**19 | CHINA** Ondanks die feit dat Gelowiges vanuit 'n Moslemagtergrond in die noordweste van China die afgelope jaar baie swaargekry het, het meer mense hul lewens aan Christus gegee. Bid dat ons kontak, Amir, 'n manier sal vind om hierdie nuwe gelowiges te dien en dissipelskap te doen.

**20 | SRI LANKA** Bid dat God die nuut aangestelde parlement wysheid en leiding sal gee om die mense te lei. Bid dat die Christen-minderheid goed

## SRI LANKA vervolg

verteenwoordig sal word en dat hul regte nie deur die regering se besluite onderdruk sal word nie.

**21 | BAHREIN** Ons is dankbaar vir God se werk in Bahrein. Ongelukkig hou die mense in hierdie land nie van lees nie. Nuwe Christene moet egter God se Woord lees vir geloofsgroei en om sterk te staan tydens verdrukking. Bid dat nuwe gelowiges na God se Woord sal hunker.

**22 | JEMEN** Miljoene mense is afhanklik van nie-regeringsorganisasies se hulp, maar dié organisasies sukkel met befondsing. Bid dat God basiese kosvoorrade sal voorsien, veral aan plaaslike gelowiges wat aan siektes soos cholera en COVID-19 lei en onder die voortslepende oorlog deurloop.





**23 | TUNISIË** Die pandemie maak die lewe moeilik vir talle mense in Tunisië. Bid dat dié mense hul lewens weer stelselmatig kan opbou. Bid dat geïsoleerde gelowiges mekaar sal vind en saam in hul liefde vir die Here kan groei.

**24 | LIBIË** Ahlem\* is die enigste gelowige in haar familie en sy is onder baie druk om haar Christelike geloof te versaa. Bid vir haar beskerming en dat haar familieledede deur haar getuigenis volgelinge van Christus sal word.

**25 | NOORD-KOREA** Jacob het nog nie sy ma gesien sedert sy 'n paar jaar gelede deur die Chinese polisie na Noord-Korea teruggestuur is nie. Hy het besluit om vir haar land en mense te bid. Sluit by Jacob aan in gebed vir Noord-Korea – vir 'n einde aan die swaarkry en vir godsdiensvryheid.

**26 | SENTRAAL-ASIË** House of Mercy, 'n rehabilitasiesentrum wat deur Christene in Sentraal-Asië bedryf word, is vals daarvan beskuldig dat hulle 'n vrou, Aysha\*, gedwing het om die Bybel te lees. Aysha het hulle by die polisie gerapporteer. Bid dat die sentrum en sy personeel van die aantygings kwytgeskeld sal word.

**27 | BROENEI** Talle jong Broeneise Christene smag daarna dat hul vriende en familie Christus sal leer ken, maar voel weens die Sjaria-wetgewing dat hulle nie veel kan doen nie. Bid dat God aan hulle

## **BROENEI** vervolg

geleenthede sal verskaf om hul geloof met ander te deel.

**28 | MAROKKO** Fatima\* se man het 'n tyd gelede van haar geskei, wat beteken dat sy alleen na haarself en haar seun moet omsien. Bid dat sy vir haarself en haar seun sal kan voorsien. Bid ook vir versoening tussen haar en haar nie-Christen man.

**29 | SUID-FILIPPYNE** Ons het in Augustus twee opleidingsessies met pastore, sendelinge en gelowiges gehou om hulle te bemoedig en te bemagtig, omdat hulle met Moslemstamme in die Filippyne werk. Bid dat alles wat hulle geleer het 'n seën vir diegene rondom hulle sal wees terwyl hulle bedien.

**30 | OESBEKISTAN** Talle mense moes vroeër vanjaar hul huise ontruim nadat 'n dam in die Syrdaria-streek oorstrom het. Verskeie onwettige kerke en geheime huisgroepe met dowe Christengelowiges was in die gebied geleë. Bid vir hierdie Christene wat hul besittings verloor het en dat God vir hulle sal sorg.

**31 | INDONESIAË** Ons het gedurende die pandemie gehoor dat sommige van Geopende Deure se leierskapprojek-deelnemers nou klein kerkgroepe lei. Bid dat hierdie opleiding kan voortgaan wanneer die pandemie verby is, aangesien dit gehelp het om talle gelowiges te versterk.



---

# NOVEMBER 2020

---

**1 | PERSIESSPREKENDE WÊRELD** Bid vir gelowiges in die Persiessprekende Wêreld wie se probleme tydens die pandemie voortduur. Bid dat God by hulle sal wees as hulle isolasie en eensaamheid ervaar, en dat hulle Sy teenwoordigheid intens sal aanvoel.

**2 | COLOMBIË** Inheemse etniese leiers in landelike gebiede van Colombië het Evangeliese Christene daarvan beskuldig dat hulle vir COVID-19 verantwoordelik is en hulle tronk toe gestuur. Bid dat God hierdie leuens sal vernietig en diegene wat hierdie aantygings gemaak het na die reddende kennis van Jesus Christus sal lei.

**3 | MIANMAR** Pastoor Min\*, 'n pastoor in noordelike Mianmar, het leierskapsopleiding by Geopende Deure ontvang. Sy het ons laat weet dat sy dit nuttig, prakties en toepaslik in haar bediening vind. Bid dat baie ander leiers die geleentheid sal kry om hierdie opleiding te ontvang.

**4 | SAOEDI-ARABIË** Butros\*, 'n nuwe gelowige in Saoedi-Arabië, is 'n paar maande gelede gedoop. Dit is 'n keerpunt vir baie Gelowiges vanuit 'n Moslem-agtergrond, want dit simboliseer dat hulle nie weer sal terugdraai nie. Prys die Here vir Butros se besluit om Christus te volg. Bid dat God hom kragtig sal gebruik.

**5 | INDIË** Behalwe vir die stryd teen COVID-19, moes Indië vanjaar ook ernstige siklone, ongelukke en 'n ernstige sprinkaanplaag in groot dele van die land deurmaak. Bid dat God Christene sal bystaan ondanks al hierdie teëspoed en dat hy mense se oë sal oopmaak vir die waarheid oor wie Hy is.

**6 | SRI LANKA** Bid vir die veiligheid van Geopende Deure-vennote wat dissipelskapsopleiding fasiliteer, en dat dit tot seën sal wees van almal wat daaraan deelneem. Mag die Here hierdie opleiding gebruik om Sy koninkryk in dié land te vergroot.

**7 | ALGERIË** "Ordonnansie 06-03", wat ook die anti-omskakelingswet genoem word, is 'n baie streng wet wat in 2006 in Algerië ingestel is. Dit verbied mense om van Islam na 'n ander geloof oor te skakel, maar laat wel omskakeling na Islam toe. Bid dat hierdie wet afgeskaf sal word.



**8 | VIËTNAM** Toe Ose\* se ma vanjaar oorlede is, is hy en sy kinders deur hul familieleden aangesê om sy ma te aanbid. Hulle het geweier omdat hulle Christene is. Sy familieleden het hulle by die plaaslike owerhede gerapporteer omdat hulle die dooies oonteer met hul nuwe oortuigings. Bid vir beskerming vir Ose en sy gesin.

**9 | AZERBEIDJAN** Pastoor Shabanov se kerk is toegelaat om een keer per week te ontmoet nadat hulle die afgelope 25 jaar wettige status probeer bekom het. Hoewel hulle tegnies steeds nie “wettig” is nie, is dit h seën. Bid vir ander ongeregisteerde kerke wat nog in die proses is om geregistreer te word. (Bron: Forum 18)

**10 | LAOS** Die pandemie het verskeie terugslae veroorsaak vir h nuwe projek vir families in Laos. Bid dat Geopende Deure se plaaslike vennote ondanks hierdie terugslae steeds versterk sal word en hoopvol in Christus sal bly.

**11 | SUID-FILIPPYNE** COVID-19 het Geopende Deure se planne en projekte in die Suid-Filippyne beïnvloed. Bid vir krag en wysheid terwyl ons span nuwe projekte implementeer, wat weens die krisis uitgestel is. Mag die Here hulle lei waar hulle probeer vasstel hoe hulle Christene na die pandemie kan bystaan.



**12 | INDIË** Ashima (26) het in die agterbuurte gebly. Sy het bevriend geraak met h meisie saam met wie sy toe gaan woon het. Een van dié meisie se manlike familielede het Ashima verkrag. Ons prys God dat sy geestelik sterk en veerkragtig is. Bid vir emosionele en fisiese genesing van die beserings wat sy tydens die aanval opgedoen het.

**13 | SENTRAAL-ASIË** Leyla en haar vier kinders is vroeër vanjaar deur haar man uit hul huis geskop omdat sy geweier het om haar Christelike geloof te versaak. Haar man het haar gelukkig toegelaat om terug te keer huis toe. Bid dat hy tot geloof in Christus sal kom.

**14 | SENTRAAL-ASIË** Toe Leyla se Moslemfamilielede mense gevra het om hul aktiwiteite teen Christene te ondersteun, het die mense geweier omdat hulle weet dat Christene goeie mense is wat ander help. Bid dat meer mense by Christene sal staan terwyl hulle die lig van Christus in hierdie streek laat skyn.

**15 | INDONESIAË** Bid vir Christene wat deur die COVID-19-uitbreking beïnvloed word. Baie nuwe gelowiges kan nie dissipelskapsbyeenkomste op hierdie belangrike stadium van hul geloof bywoon nie. Bid dat hulle wysheid sal hê en dat hulle in kontak met ander gelowiges sal bly.

**16 | TURKMENISTAN** Turkmenistan het die teenwoordigheid van COVID-19 ontken. Volgens nie-amptelike inligting neem die aantal mense met die infeksie toe. Bid dat die regering sal optree om mense teen die verspreiding van die virus te beskerm.

**17 | BROENEI** Hou aan om vir die mense van Broenei te bid, aangesien die pandemie baie swaarkry veroorsaak het. Bid vir kerke terwyl hulle hierdie nuwe seisoen saam probeer navigeer – vir eenheid en krag onder kerkleiers en gelowiges regdeur die nasie.

**18 | IVOORKUS** Ouattara Adama is in Mei deur sy ouer broer aan die brand gestek terwyl hy geslaap het, as straf omdat hy h Christen geword het. Ouattara is weens sy beserings oorlede. Bid vir emosionele genesing vir Ouattara se pastoor, wat hom laaste gesien het, asook vir sy geloofsgemeenskap wat hierdie tragedie moet verwerk.



**19 | KAZAKSTAN** Kazakstan se hoofstad, Nur-Sultan, en die land se grootste stad, Almaty, is onder inperking om die verspreiding van COVID-19 te voorkom. Mense is bang, gefrustreerd en ontsteld. Bid dat God deur Sy Kerk in Kazakstan sal werk om Sy liefde met almal te deel in hierdie tyd.

**20 | LAOS** 'n Man wat deur 'n demoon beset was, is genees nadat Athit\* (34) vir hom gebid het. Talle mense het daarna na Athit gekom met gebedsversoeke vir genesing. Dit het die plaaslike owerhede omgekrap en hulle het hom gearresteer. Bid vir krag vir Athit terwyl hy vervolging ervaar.

**21 | LAOS** Athit\* se vrou, Boupha\*, en hul kinders ervaar spanning as gevolg van sy arrestasie. Bid dat God Hom oor hulle sal ontferm en hulle sal help om tydens sy verhoor sterk te wees.

**22 | TUNISIË** Zaida\*, 'n vroulike gelowige van Tunisië, is uit haar huis geskop weens haar geloof. Bid dat sy in haar nuwe huis gevestig sal word en dat God in haar behoeftes sal voorsien.

**23 | NIGERIË** Charity, 'n voormalige Boko Haram-gevangene, het haar man 'n

## **NIGERIË** vervolg

paar maande gelede weens vermoedelike nierversaking verloor. Sy is nou die enigste broodwinner vir hul ses kinders. Bid vir vertroosting vir Charity en haar kinders, sowel as vir beskerming en voorsiening terwyl hulle in 'n interne kamp bly.

**24 | JEMEN** Kinderhuwelike is een van die tragiese gevolge van die oorlog in Jemen. Bid dat die plaaslike Kerk 'n stem vir voorspraak teen kinderhuwelike sal wees. Bid ook dat God vir hulle geleentheid sal skep om met die hoofde van huishoudings te praat wat dit oorweeg om hul minderjarige dogters in huwelike te dwing.

**25 | NOORD-KOREA** Ons weet nie wat God se planne vir Noord-Korea en sy gelowiges is nie, maar ons kan die ondergrondse Kerk ondersteun en vir hulle bid. Bid dat God Sy kinders sal gebruik om Sy koninkryk weer te laat kom in Noord-Korea.

**26 | KAMEROEN** Die onrus in noordelike Kameroen gaan te midde van COVID-19 onverpoos voort. Christene en Christelike dorpië bly terroriste se verkose teiken. Die Here belowe gelukkig om tydens moeilikheid hulp te voorsien. Bid dat Hy almal sal bystaan wat weens hierdie



## KAMEROEN vervolg

aanvalle weduwees of weeskinders is.

**27 | KIRGISTAN** Galia (17) het twee jaar gelede h Christen geword. Sy het talle beproewings weens haar geloof ervaar, insluitende om deur haar broer geslaan te word. Sy het weggegaan om werk in die stad te kry. Selfs daar ervaar sy probleme deur haar werkgewer. Bid vir uithouvermoë vir Galia en dat sy in haar geloof sal groei.

**28 | VIËTNAM** Kuo\* is vroeër vanjaar deur sy neefs met stokke geslaan en met klippe gegooi weens sy weiering om Jesus te verwerp. Hy en sy gesin is gedwing om hul dorp te verlaat. Bid dat die Here in al hul behoeftes sal voorsien, veral voedsel vir sy kinders wat nog baie klein is.

**29 | SIRIË** Carmen (15) sê: "Baie meisies in my skool gebruik dwelms, en een van hulle het my probeer oortuig om dit ook te doen. Ek het nee gesê en nou knou sy my af." Bid dat die tieners in Sirië God sal vind en sal wegbly van dwelms en ander versoekings wat in die skole toeneem.

**30 | WÊRELDWYD** Bid dat God in hierdie seisoen die wêreldwye Liggaam van Christus kragtig sal gebruik om h lewende getuienis vir Hom te wees. Bid dat ons ook h pilaar van krag vir mekaar sal wees terwyl ons die uitwerking van die pandemie in ons eie lewens moet hanteer. Mag ons hoor wat God wil hê ons in hierdie moeilike seisoen moet doen en gehoorsaam daaraan wees.



\*Name verander en verteenwoordige foto's gebruik vir sekuriteitsredes.  
Alle inligting is korrek tydens die datum van publikasie.

Vervolg  Maar nooit alleen.



**Geopende Deure**

Diens aan vervolgte Christene wêreldwyd



Open Doors South Africa

[www.opendoors.org.za](http://www.opendoors.org.za)  
Posbus 1771, Cresta, 2118  
T +27 11 888 9341  
E [southafrica@od.org](mailto:southafrica@od.org)